**HARTENBOS VAKANSIEDORP**
**HUISEIENAARSVERENIGING**

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 19
GEHOU OP 30 DESEMBER 2014 OM 09:00 IN DIE WALVISSAAL, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**
   97 Lede soos per presensielys.

2. OPENING

   Die vergadering word deur Prof. Fanie Snyman met gebed geopen.

3. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 18 GEHOU OP 30 DESEMBER 2014

   Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

4. VASSTEL VAN DIE SAKELYS

   Die lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en die sakelys word vasgestel soos voorgelê.

5. VOORSITTER SE VERSLAG

5.1 Ek wil u graag hartlik welkom heet by hierdie 19de Jaarvergadering van die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging. Die vergadering is behoorlik gekonstitueer in terme van die kennisgewing, en ledetal teenwoordig. Daarom gaan ek voort om die vergadering te lei.

5.2 VASSTEL VAN SAKELYS

   Lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en aangesien geen voorstelle vir bespreking ontvang is nie, word die sakelys vasgestel soos aan u voorgelê.

5.3 So kom ons dan nou aan die einde van 2014. Dit is met vreugde dat ons kan terugkyk op die GROOT GENADE wat ons uit die Vaderhand ontvang het. Ons kan terugkyk en beleef hoe die Here weer Sy versorgende Hand oor die Hartenbos Huiseienaars se grondgebied gehou het. As ons terugkyk sien ons vreugde, en seëninge….. maar, ongelukkig soms ook hartseer. Wat egter uitstaan is die groot Genade wat ons ontvang het. Genade om weer met ons gesinne, vriende, bure en ook ATKV hier op Hartenbos, verenig te kon word. Genade om te kan lag en sing en aangename ure op die strand, in die see en amfiteater te kan deurbring. Omdat ons egter een groot Hartenbos familie is, wil ons ook hulde bring aan lede of familielede wat ons die afgelope jaar ontval het. Daarom wil ek vra dat almal sal opstaan asb. ……….

   Terwyl ons met geboë hoofde staan, dink ons aan geliefdes wat met ernstige

siektes worstel of wat ons hierdie jaar ontval het. So wil ons dan hulde bring aan hul bydraes om Hartenbos te bou tot die prag oord wat ons vandag hier beleef. Ons wil aan die wat ons verlaat het sê dat ons hul bydraes waardeer en sal poog om dit in die toekoms te kan gestand doen. Mag die Here ons hiertoe krag gee? ……. Dankie.

5.4 Ek wil begin deur aan die Bestuur dankie te sê vir onverdrote ywer aan die dag gelê om te waak oor die belange van ons geliefde Hartenbos. Ons het vier vergaderings die jaar gehou wat ons probeer skeduleer het binne skoolvakansies waartydens Bestuurslede, wat nie op Hartenbos woon nie, op eie koste na Hartenbos gereis het. Hulle kon dit dus meng met ʼn bietjie vakansie in hul huise. Dit, tesame met een telefoonvergadering, het ons ʼn groot bedrag aan reiskoste bespaar. Op die vergaderings was Bestuurslede deurgaans voltallig met slegs enkele uitsonderings waar hulle verskoning aangebied het weens verpligtinge elders. Ek het telkens die erns waarmee Bestuurslede hul taak opneem geleef asook hul sinvolle besprekings tydens vergaderings waardeer.

5.5 SEKURITEIT

Ons beleef waarlik onveilige tye waar mens nêrens veilig is nie. Ons moet aanvaar dat kriminele elemente die Suid-Kaap as ʼn ‘soft target’ beskou en daarom meer inbeweeg hierheen. Hier dink ons veral aan die 4 aanrandings met 2 noodlottige gevolge, die afgelope 3 weke rondom Hartenbos. Danksy suksesvolle patrollering deur ons sekuriteitsmaatskappy was daar gelukkig nie een geval binne ons gebied nie. Ons harte gaan uit na Bets, ʼn vorige bestuurslid, en haar man, (ook die ouers van Ras du Toit op ons Bestuur) wat op 19 deser om 2.30 die nag, in hul huis in Fraai Uitsig, aangerand is. Die agterdeur is eenvoudig met ʼn skroewedraaier oopgebreek. Die een, hy beweer hy kom van Burundi, is dieselfde nag gevang met van die gesteelde goed nog in sy besit, te danke aan die vinnige en uiters bekwame optrede van die reaksie-eenheid van die polisie en die sekuriteitsmaatskappy toe hulle ʼn verdagte voertuig in Glentana voorgekeer het.

Vir Bestuur is die veiligheid van veral ons ouer lede ononderhandelbaar!!!! Daarom die besluit om die houthuisie vir sekuriteitslede by die hotel, wat Strydomsoord bedien, met nog 2 aan te vul, deur 1 by Karoodorp en 1 by Terrein 194 op te rig. Die presiese liggings moet nog bepaal word. Dit is nodig vir ons sekuriteitsbeamptes vir neersit- en toesluitplek vir hul klere en kos en ook om skuiling aan hulle te bied as dit reën. Ons gebruik saam met ATKV dieselfde sekuriteitsmaatskappy, en beamptes ondersteun mekaar wedersyds as dit nodig is.

Ek wil lede graag bedank vir die mooi vriendelike omgang met sekuriteitsbeamptes en ook die uitstekende diens wat hul lewer weer boekstaaf. Die feit dat diefstal min voorkom in ons oord, is te danke aan sekuriteitsbeamptes wat ongure karakters dadelik rapporteer en verwyder as hulle ons gebied betree. Bestuur beveel aan dat daar weer ʼn klein aansporingsbonus aan sekuriteitsbeamptes oorhandig word. Louis Du Plooy, hoof van sekuriteit, is hier as u enige vrae het.

Ek moet u egter ook waarsku dat as die bouwerk by die ATKV volgende April begin, ons meer kriminaliteit kan verwag veral in Karoodorp. Om dit te ondervang het die Bestuur reeds besluit om tydens die konstruksiefase een ekstra

sekuriteitsbeampte aan te stel wat Karoodorp kan help patrolleer om beter na ons lede se belange daar om te sien. Die hekke in ons strate aan die treinspoor se kant kom nou ook handig in. Bestuur gaan almal sluit in die konstruksiefase om te voorkom dat konstruksievoertuie Karoodorp as deurgang kan gebruik en so ons paaie stukkend ry. Ek vra lede se geduld hiermee asb. vir die tyd. Moontlike teenstand hieroor vanaf munisipaliteit sal Bestuur hanteer soos en wanneer dit voorkom.

5.6 ATKV ONTWIKKELING STRANDFRONT

In opvolging van lede se klagtes/wenke het Bestuur in deurlopende gesprekke met die ontwikkelaar en ATKV, deurgaans 'n begrypende oor ontvang. So kon ons die hele ontwikkeling laat omdraai, amper soos 'n spieëlbeeld, sodat die beoogde Supermark nou agter teen die treinspoor aan die Waterwurm se kant is, dus weg van die seefront af. Inwoners van Karoodorp aan Dalmanuthalaan se kant is dus nou gevrywaar van die onooglike 'agterkant' van die supermark, met geraas van afleweringtrokke en kragopwekkers wat deurnag raas. Die hele ontwikkeling is afgeskaal, amper halveer en bestaande geboue, ook die groot saal, word behou. Die M.S Pienaargebou was nooit ter sprake nie en word nie aan geraak nie. Die beoogde ontwikkeling is nou vir Bestuur meer sinvol.

'n Groot bron van kommer is ondervang deur 'n volledige stormwaterplan wat ALLE dak- en reën-water van die hele ontwikkeling nou ondergronds see toe vat. Dit sal selfs die bestaande water wat nou nog vryelik deur Karoodorp vloei, ondervang, iets wat vir lede in die laerliggende dele by die Amfi en laer gerustheid sal gee.

Dalmanuthalaan word heeltemal afgesluit en geen deurverkeer vanaf groter Mosselbaai-gebied sal deur Dalmanuthalaan in Outeniqualaan en so deur Karoodorp kan insypel en ons lede se lewens versuur nie. Dit strook ook met Bestuur se breë oorhoofse siening dat die enigste volhoubare weg om ons lede se veiligheid doeltreffend te kan waarborg, in die gevaarlike tye waarin ons lewe, sal wees om ons oord 'toe te maak' met toegangskontrole by die toegange. Die veiligheid van ons kleiner kinders (daarom die spoedhobbels om voertuie se spoed af te bring) en die veiligheid van ons ouer lede (dus die toemaak van ingange na ons oord en kontrole deur wie ons binne toelaat d.m.v. doeltreffende sekuriteit) is vir Bestuur nie onderhandelbaar nie. Ek versoek lede asb. vriendelik om Bestuur se voorgenome besluite en aksies altyd in dié lig te sien. Ons siening is deurgaans dat die strate in ons gebied slegs vir ons eie mense/gaste is. Oor ons eie mense het ons nog nooit enige besware gehad nie. Teen die tempo wat veral Karoodorp, hul eiendomme so pragtig opgradeer sal die gebied in die toekoms as toeriste attraksie dien. Soort van 'kyk weer', wat dus baie besoekers van buite vir blote kykgenot sal lok.

U sal onthou dat ek verlede jaar in my Jaarverslag gevra het vir voorstelle wat ons met ATKV kon beding voor ons toestem dat die deeltjie van Dalmanuthalaan wat in die nuwe ontwikkeling nodig is vir die draaisirkel by die spoorlyn, vervreem mag word. Ek wou seker maak dat die hele oord voordeel daaruit sou trek. Weinig voorstelle is ontvang, en die saak is indringend deur Bestuur bespreek. Dit gee my dus genoeë om die volgende 'winste' vir lede aan te kondig:

5.6.1 Die ATKV het onderneem om te poog om die pragtige wandelpad langs die see, teen groot koste, te probeer verleng tot waar dit by Nooitgdachtlaan aansluit;

5.6.2 Die hele Dalmanuthalaan word aan ons oorgedra en sal ons dit, op versoek van al die inwoners daar, permanent kan afsluit vir groter veiligheid vir lede, asook die verskuiwing van die Supermark vanaf hul 'voordeur'.

5.6.3 Oor Mosegalaan, wat ons wou probeer aanhaak daaraan, is ons in onderhandelings met ATKV.

5.6.4 Die weer oopmaak van ŉ voetganger deurgang buite seisoentyd deur terrein F see toe veral vir ons ouer lede in Strydomsoord.

5.6.5 Ons dank hiervoor gaan aan ATKV en veral ook aan die bestuurder, Morné, wat ingewillig het om ons weer soos verlede jaar oor vordering van die hele ontwikkeling kortliks te kom inlig. As lede moontlike vrae/vrese het sal hy dit ook sommer hanteer. Morné asb.

5.7 HARDE MUSIEK IN AMFI-TEATER

Inwoners rondom die Amfi, het in 2013 musiekfeeste, met oormatige klankversterkers, as ŉ geweldige geraas oorlas ervaar. Harde musiek, reeds vanaf 70 desibels, mag permanente gehoor-skade veroorsaak. Verlede jaar het ek tydens een konsert, 85 desibels gemeet by my huis omtrent 800 m vanaf die Amfi. Dis seker die rede waarom meeste van die ouer popmusikante vandag byna stokdoof is. Daar is ook bewese navorsing dat veral die oormatige diep 'doef-doef' basfrekwensies ŉ mens se hartritme kan versteur. Veral vir mense met pasaangeërs mag dit gevaarlik wees.

In my navorsing hieroor moes ek weer die 'Environmental Conservation Act', (Wet 73 van 1989) gaan afstof. (Dit het my natuurlik ook baie gehelp dat my seun ŉ klankingenieur is en as Direkteur in beheer staan van al Ster Kinekor se fliek- en Imax teaters oor die land). Die gebruik van klankver-sterkers binne bewoonde gebiede word duidelik gereguleer deur Regulasie 12 van die Geraas-beheerregulasies onder Seksie 25 van die Wet. Die Regulasies is reeds op 20 Junie 2013 in die Buitengewone Provinsiale Koerant, 7141 gepubliseer.

Ons het die Wet, en die korrekte toepassing daarvan, tydens vergaderings en gesprekke onder ATKV en die Munisipaliteit se aandag gebring en die probleem vanjaar doeltreffend aangespreek. Dankie vir hulp aan Nico en Christine Marais wat as deel van die beswaargroep leiding geneem het. My korrespondensie daaroor met ATKV was besonder vrugbaar en ons kon mekaar sinvol hieroor vind.

ATKV verdien ons dank vir hul bekwame spoed om die Regulasies noukeurig toe te pas. Hulle het ook, soos deur die Wet vereis, die hele vakansieprogram (tye, plekke en kunstenaars) in die plaaslike koerant geplaas vir kommentaar. Verder het hul die volgende beheermaatreëls, wat ons heelhartig ondersteun, afgekondig:

5.7.1 Musiekfeeste waarby klanktoerusting betrokke is, sal slegs een dag (06:00 tot 22:00) toegelaat word.

5.7.2 Geen musiek sal gespeel word tussen 10:00 saans en 06:00 soggens nie. Vir dagprogramme word musiek slegs vanaf 06:00, vir aankondigings/oorhandiging van pryse (KANSA) wat deur die nag plaasgevind het, en musiek tot 22:00 saans toegelaat;

5.7.3 Tydens aandprogramme word hekke oopgemaak om 17:00 vir klanktoetse en die program duur tot 22:00;

5.7.4 Opstelling en toetsing van klankapparaat mag tussen 16:00 en 17:00 plaasvind;

5.7.5 Die standaard waarna gestreef word is SANS 10103 vir beboude gebiede met ŉ toelaatbare lesing tussen 50 en 60 desibels. Musiek se volume word beperk tot uiters 60 desibels. Die probleem ontstaan gewoonlik waar kunstenaars hul eie klankmense gebruik, maar die sterkte van die klank sal voortaan deurgaans gemonitor word deur beamptes van die Munisipaliteit en ATKV;

5.7.6 Die reëlings geld nie vir kerkbyeenkomste en geestelike feeste nie, waar ons in elk geval nog nooit probleme met te harde klank ondervind het nie; KANSA se deurnag musiek is gestop en hulle het pragtig saamgewerk;

Na afloop van die feesseisoen sal ons weer met ATKV vergader en moontlike probleme verder bestuur. (Ek dink Bestuur en ATKV verdien ŉ handeklap hiervoor)

Hoewel ek glo dat ons nog klankmense gaan kry wat die grense gaan toets en selfs moontlik oorskry, dink ek tog dat ons hier met die pragtige samewerking van ATKV waarlik mooi vordering gemaak het. Aktiwiteite op die Amfi-teater was nog altyd deel van die hart van Hartenbos. As ons die reëls toepas sal niks hiervan verlore gaan nie en kan ons kinders voortgaan om die aktiwiteite daar te geniet lank na ons miskien nie meer met hulle sal wees nie. Ek wil u ook aanmoedig om die byeenkomste en konserte op die Amfi saam met u gesinne by te woon en te ondersteun. Watter pragtige gesig was dit nie Kers oggend toe ŉ geskatte 15 000 – 20 000 mense die diens daar bygewoon het nie?

5.8 BOU SONDER PLANNE

Alle huiseienaars wat nog bouery by hul huise beplan moet asb. noukeurig luister na die volgende kennisgewing wat ons ontvang het vanaf die munisipaliteit. Dit lui: “Mense wat sonder goedgekeurde planne begin bou, of gebou het, sal met ingang 1 Julie 2014 VIER maal die normale tarief vir bouplanne moet betaal, met ŉ minimum van R5 700. As eiendom gekoop word waarop onwettige bouwerk plaasgevind het, sal die nuwe eienaar van die verhoogde tarief kwytgeskeld word as hy dokumentere bewys lewer, vergesel van ŉ beëdigde verklaring, dat hy nie vir die onwettige bouwerk verantwoordelik was nie.” So dit mag uiteindelik ŉ baie duur affêre word as u daardie garage/pakkamer stilletjies omskep in nog ŉ slaapkamer sonder planne. Ons het ook ŉ bestaande reëling met die Munisipaliteit dat hul Bou-afdeling nie eers kyk na ŉ plan wat nie by Erina ingegee is en die Huiseienaarsvereniging se stempel dra nie.

5.8.1 TYE WAAROP GEBOU MAG WORD

Verder wys ek u ook graag daarop dat die Munisipaliteit ook die tye waarop bouwerk gedoen mag word vasgestel het as weeksdae vanaf 06:00 soggens tot 06:00 saans. Op Saterdae moet dit stop om 05:00 saans. Op Sondae en Christelike vakansiedae mag ook nie gebou word nie. Die kontak-persoon hier is Bertie Supra by tel: 044 6065230 of sel: 0748423561. Ons eie Grondwet bepaal ook dat bouery moet staak op die Vrydag naaste aan die 15de Desember elke jaar.

5.9 MISDAADVERSLAG –RAS DU TOIT

Ek gaan vir Ras du Toit, op ons Bestuur, vra om ŉ kort misdaadverslag van ons gebied aan ons voor te hou. Ras is verbonde aan die SA Polisiediens in Oudtshoorn.

5.10 Padinstandhouding ooreenkomstig ons prioriteitslys

5.10.1 Mosegalaan, soos reeds genoem wou ons dit eers aanhaak as voorwaarde vir die onderhandelinge met die draaisirkel by Dalmanuthalaan. Die nuutste (ek meen dis ŉ beter besluit) is dat ons die teer in Mosegalaan, wat reeds baie verweer het, oplig en gras plant vir meer speelplek vir ons kinders – iets wat lank gelede reeds met vrug by Perlemoenstraat gedoen is. Die straat word dan aan een van die kante met 'bollards' toegemaak, sodat slegs voetgangers maar nie voertuie nie, kan deurgaan. Dit gee aan ons ook genoeg ruimte vir die moontlike plasing van die ekstra sekuriteitshokkie wat ons in Karoodorp beplan. Mosegalaan behoort aan ATKV. Indien vervreemding van die straat egter sou intree het ons afgekom op ŉ interdik van ŉ 10 meter reg van weg servituut wat reeds in die Akteskantoor geregistreer is ten gunste van erf 3267, dis Karoodorp (ons eiendom). So hier is weer ŉ geleentheid waar ons in onderhandelinge met ATKV mekaar se hande pragtig kan vat tot voordeel van beide van ons.

5.11 Vullisverwydering meer as 1 maal per week in seisoentyd. Hier het ons ŉ taamlike koue skouer vanaf Munisipaliteit ontvang. Ons het darem tog daarin geslaag dat hulle ekstra houers (waarvoor ons in die verlede moes betaal) gratis tot ons beskikking geplaas het in Sonskynvallei op die Oudtshoorn pad, so ons wen darem hier ook ietsie.

5.12 Verkeerspolisie. Ek wil lede en vakansiegangers komplimenteer met hul stadige ordelike spoed binne ons terrein vanjaar. Die spoedgrens is deurgaans 40km per uur. Die arme mense wat op die rooi strepe in Paardekraalweg parkeer het, moes ongelukkig reeds die skerp kant van die verkeerspolisie ervaar.

5.13 Paardekraalweg in seisoentyd. Hier hou die munisipaliteit d.m.v. die verkeerspolisie ŉ ferm greep op die kwajongens veral tydens Oujaarsnag.

5.14 Eiendomsbelasting. Daar word deurgaans gewaak teen buitensporige waardasies van ons lede se eiendomme.

5.15 Toegang tot amfiteater. Hier het ATKV pragtig saamgewerk. Die hek vanuit Sandrivierweg, wat toegang gee tot die Amfi, word soggens 6:00 vir voetgangers oopgemaak sodat die terrein ook deur ons benut mag word. Ek weet bv. van een moeder wat elke oggend vroeg voor sonsopkoms, terwyl meeste van ons nog slaap, haar stiltetyd op die trappe daar hou. Dan gebruik heelwat drawwers en atlete ook die trappe vir oefeninge deur die dag. Dankie hiervoor ATKV.

5.16 Moontlike voetganger deurpad deur terrein F. Die palissade wat terrein F afsluit en beskerming aan karavaan kampeerders verleen, het ook die onbedoelde gevolge dat dit, veral ouer inwoners van Strydomsoord se reg van weg see toe afsper. Ook hier is ons in gesprek met ATKV om gedurende die stil 'buiteseisoentye' die hek agter die ablusieblok teenoor Tugelalaan oop te laat vir deurstap van ons ouer lede. Daar is begrip van ons kant af vir die noodsaak van die palissade in seisoentyd hoewel ons teenkanting daarteen aan ATKV op skrif gestel is om die 30-jaar verjaring beginsel te voorkom.

5.17 Heffing op straatligte wat Bestuur weier om te betaal. Ek en Schalk het ŉ besoek aan ŉ prokureur wat nou saam met die Munisipaliteit werk, in Mosselbaai gebring. Hy gee ons gelyk dat ons ŉ sterk saak het om nie vir straatligte in ons gebied te betaal nie. Hoewel ons weet dis privaatstrate wat deur ons self onderhou word wil die Munisipaliteit nie erkenning daaraan gee nie. Intussen betaal ons die 'verminderde tarief' wat hulle van ons eis elke maand in ŉ aparte rekening in, net vir gewis.

5.18 ŉ Buurtwag organisasie, onder voorsitterskap van Johan Grabe, vir die groter Hartenbos-gebied is in samewerking met die polisie en munisipaliteit gestig, om veral ongure karakters uit die hele Hartenbos te help verwyder. Op versoek het Bestuur, soos ook verskillende besighede saam met ATKV, R5 000 eenmalig

hiertoe bygedra. Dit is gedoen in 'n poging om die hele Hartenbos nog beter te beveilig vir ons bewoners. Ek gaan vir Johan geleentheid gee om u kortliks hieroor in te lig.

5.19 Bouplanne. Hier moet ek spesiaal melding maak van die uiters waardevolle, maar soms baie ondankbare werk wat Erina vir ons doen.

5.20 Die steurnis van die 'wasgoedmasjiene' oor ons koppe is doeltreffend aangespreek en geraasbesoedeling vanuit die lug is nou onder beheer.

5.21 Ons padbou-program vorder so mooi dat ons voortaan slegs bestaande paaie onderhou. Ons kon dus nou middele uit ons reserwefonds gebruik en vroeg vlg. jr. al die straatname, verkeers- en toegangstekens hernu. Versoek u tieners tog maar (veral besoekende Matrieks) om nie weer die borde weg te dra of stoptekens om te draai, iets wat vir die jonger garde tog so 'n groot versoeking is nie, asb.

5.22 Takke wat oor strate hang en diensvoertuie se pad versper, mag deur Bestuur afgesaag en weggery word vir die eienaar se rekening. In Melkhoutlaan naby Boeta se huis bv. kan die vullislorrie nie meer deurkom sonder om van die takke af te breek nie. Theo (tuindienste) is bereid om dit vir u te doen en weg te ry na die stortingsterrein by Kwanonqaba @ so min as R100 per vrag. Weerhou u asb. van bome en takke afsaag en dit te smyt op u buurman se erf. In Karoodorp het 'n lid bv. takke 2 volle straatblokke ver gesleep tot voor iemand anders se huis . Moet dit asb. ook nie op sypaadjies stort nie, soos die takke by die samekoms van Harts-en Tugelalaan. ATKV se Terreindienste was so gaaf om dit verniet weg te ry toe ek hulle versoek het, want ons het gedink dit kom uit terrein F se karavaanpark, maar die skuldige is eintlik een van ons eie lede daar naby.

5.23 Tuindienste verslae wat ons gereeld op vergaderings ontvang en hanteer, skets 'n pragtige beeld. Dankie aan verskeie lede wat hul dank en tevredenheid oor die algemene netheid en toestand van ons strate en oord aan ons deurgegee het. Die enkele navrae/probleme van lede, is aan Theo deurgegee wat hy self met lede opgeneem het.

5.23 Vra asb. bouers om nie hul sement op ons teer padoppervlak te meng nie. Teer en sement het verskillende grade van hitte toleransie en sit uit en krimp dus ongelyk met die gevolg dat water die padoppervlak deur die krake insypel en kort na u bouery klaar is, begin die pad dus daar verbrokkel. Ander lede moet dan ook vir die herstel van die pad opdok. In Kango-laan bv. het een bouer nie net die totale straat geblokkeer deur sement aan te maak op die padoppervlakte nie, maar ook sy vragte sand en klip in die straat afgelaai. Boonop het die eienaar toe ook sy meubels in die straat gepak en dit toegegooi met 'n seil. Onthou asb. al gee bure ook toestemming daartoe, hulle mag nie, want die straat behoort nie aan hulle alleen nie. Bestuur vind dit baie moeilik om u te beskerm teen klagtes van die Munisipaliteit as u strate versper.

5.24 Straatvergaderings en besluite wat groepe inwoners daar neem, word soms deurgegee aan Bestuur net om spoedig opgevolg te word deur 'n ander groep wat nie daarmee saamstem nie. Bestuur het besluit om voortaan weinig te doen voor skriftelike toestemming nie van almal in die betrokke straat ontvang is nie. 'n Wonderlike gees het verlede jaar op Oujaarsaand in Melkhoutlaan, Strydomsoord, geheers toe inwoners met almal se samewerking, vroegaand spontaan die straat aan beide kante toegemaak het. Almal het hul braaiers in die straat gepak en 'n lekker boere-straatbraai gehou. Daar is gesellig gekuier en nuwe vriendskapsbande is gesmee. Dit was so 'n wenner dat dit nou tradisie gaan word, amper soos die gesamentlike braai in Cloete se Gat van vroeër jare, dit was nou voor De Branders oor die gebied gebou is. So vanaf 06:30nm op Oujaarsaand is Melkhoutlaan weer toe vir verkeer. Ander inwoners/huurders is

natuurlik ook welkom. Dit is hierdie soort van spontane aksies wat Hartenbos so uniek maak.

5.25 Laastens wil ek vir u sê dat ek vanjaar weer diep onder die indruk gekom het van die groot werklas wat veral deur Schalk se hande gaan. Ek wil vra dat u dit in Bestuur se hande laat om te kyk na ŉ moontlike aanpassing in sy tariewe. My dank gaan ook aan die hele bestuur vir uiters waardevolle werk wat hulle onbaatsugtig aan ons Vereeniging lewer. Daarvoor verdien hulle ons opregte dank en waardering. Met sulke mense is ons oord in goeie hande en sal ons jaarliks weer ons batterye kan kom herlaai hier op ons geliefde Hartenbos in die salige wete dat ons eiendomme in bekwame hande is.

Hiermee lê ek dan nou my uitgebreide Jaarverslag aan u voor.

Ek dank u.

5.26 BESPREKING

5.26.1 Die voorsitter word van die vloer af bedank vir die volledige jaarverslag.

6. FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING

6.1 Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state is by die afgelope bestuursvergadering voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter en sekretaris sal die state namens die vereniging teken. Grant Thornton George word aangestel vir die volgende jaar se oudit.

6.2 Die begroting word voorgehou. Die vergadering neem kennis

7. ATKV ONTWIKKELING

Die bestuurder van Hartenbos, Mornay Beukes gee kortliks toeligting oor die beplande ontwikkeling van die strandfront area. Punte wat hy uitlig is die volgende:

7.1.1 Die ontwikkeling is redelik afgeskaal. Die geboue wat nou behou gaan word is
- Die Walvissaal met opgradering
- Die bestaande winkels om die Spur maar met aanpassings.
- Die warm swembad
- Die ankerwinkel skuif tot waar die waterwurm nou staan
- Die sokkiesaal skuif tot langs die walvissaal
- Die hele ontwikkeling fokus op ŉ familie omgewing

7.1.2 Die ontwikkeling gaan in fases gedoen word.
7.1.3 Die beplande begin van fase 1 is na die April vakansie
7.1.4 Die planne en fase ontwikkeling is in die voorportaal van die saal uitgestal.

8. VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur genomineer. Die nominasie val binne die riglyn van die konstitusie en die lede word tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221

Attie Goosen – 071 341 2496
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Ras du Toit – 083 415 7276
Erina Marais – 083 233 7108
Lukie van Niekerk – 083 373 7400
Dries du Toit – 083 270 4695

BESLUIT

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dries du Toit |
| O/Voorsitter | Erina Marais |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

9. SLOTWOORD EN AFSLUITING

9.1 Baie dankie aan lede vir u komplimente deur die loop van die jaar en ook aan die wat positiewe kommentaar en bydraes gelewer het. Weereens ook my dank aan elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van jul taak gekwyt. Ons vertrou dat u almal ŉ aangename Kersdag saam met u geliefdes deurgebring het. Mag 2014 vir u ŉ goeie jaar wees met baie voorspoed.

Die vergadering verdaag om 10:15

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN ................................................................ OP**

**HIERDIE .................. DAG VAN ................................................................ 20 ................**

**---------------------------------**
**VOORSITTER**

**........................................**
**SEKRETARIS**